24-7 GEBED VIR HERLEWING
26 September – 2 Oktober 2022

MAANDAG: 26 SEPTEMBER 2022
GEE OOR AAN SY HEERSKAPPY
Ek is die Here julle God. (Levitikus 11:44).

Kom ons bid
My Here en my God, ek wil U liefhê met my hele hart (Matteus 22:37). Vul my met die kennis van U wil vir my lewe terwyl ek my oorgee aan die werking van U Heilige Gees. Mag my geestelike wandel tot eer van U naam wees en U ten volle behaag. Ek begeer om goeie vrugte te dra deur goeie werke, en U toenemend beter te ken (Kolossense 1:9-10).
Ek wil in U weë wandel, na U stem luister en U aanhang, want U is my lewe (Deuteronomium 30:20).

DINSDAG: 27 SEPTEMBER 2022
LEWENDE OFFER
Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. (Romeine 12:1).

Kom ons bid
Here, ek gee myself aan U om in my lewe te werk en my na die beeld van Christus te verander (2 Korintiërs 3:18). Ek gee my hele hart opnuut vir U. Neem my hart van klip en gee my 'n hart van vlees, wat plooibaar is in U hand. Ek wy my liggaam, wat U tempel is, weer aan U toe. My lippe sal U loof en dank. Slegs woorde wat lewe bring, sal ek uiter. Gebruik my lewe as 'n lewende offer om U die grootste eer te bring.

WOENSDAG: 28 SEPTEMBER 2022
WEES HEILIG, WANT EK IS HEILIG
Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig. (Levitikus 11:44).

Kom ons bid
Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! (Psalm 139:23-24). Ek wil my lewe slegs aan U toewy. Openbaar U heiligheid opnuut aan my, want ek wil die heilige lewe lei wat U vir

my uitgekies het. U, my God, het ons gered en ons geroep om aan U toegewy te wees. Dit het U gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van U eie besluit en die genade wat U van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het (2 Timoteus 1:9).

DONDERDAG: 29 SEPTEMBER 2022
WEES NUGTER

Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. (1 Petrus 1:13).

Kom ons bid

O Here, laat my gedagtes dikwels deur die dag op U gefokus wees. Wanneer gedagtes van angs en bekommernis my wil oorweldig, sal ek beheer daaroor neem en dit aan U onderwerp. Mag elke gedagte gereinig word deur die openbaring van wie U is, ongeag van die situasie waarin ek myself bevind. *Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,* (Kolossense 3:1-2).

VRYDAG: 30 SEPTEMBER 2022
KEN GOD SE LIEFDE EN SY WIL

Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe. (1 Johannes 2:15-17).

Kom ons bid

Here, verlos my van vleeslike begeertes. *Wend my oë af, dat hulle geen nietigheid sien nie; maak my lewend in u weë.* (Psalm 119:37,OV). Help my om bewus te wees van versoekings of ongesonde geselskap wat my sal verhinder om tyd met U deur te bring. Ek vra leiding in my daaglikse wandel met U; dat ek sal weet wat vir U welgevallig is. Help my om daagliks my lewe aan U oor te gee.

SATERDAG: 1 OKTOBER 2022
BLY IN JESUS

Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het. Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. (Johannes 15:3-4).

Kom ons bid

Here, Jesus, ek erken dat ek niks uit my eie krag kan doen nie. Elke dag sal ek moeite doen om na U stem te luister en toelaat dat U Woord my verander. U is my bron van lewe. Ek is slegs in staat om te verander en 'n toegewyde lewe te lei omdat U my transformeer deur U krag in my.

SONDAG: 2 OKTOBER 2022
JESUS, U IS WAARDIG

Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof… (Filippense 3:8-9).

Kom ons bid

Here Jesus, U is waardig. Ek wil U waarlik ken. Hoe meer U oor Uself openbaar, hoe meer verlang ek om U te ken. Uit my hart sê ek, *o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. Só het ek U in die heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlikheid te sien. Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef.* (Psalm 63:1-5).